# BOEKBESPREKINGS

Major, J.: *The contemporary world. A historical introduction.* Pp. XII, 241. Methuen Educational Ltd., Londen, 1970.

Aan die begin van hierdie boek plaas die skrywer die volgende uitspraak van Leon Trotsky (soos in Engels weergegee): „He who wishes for a quiet life should not have been born in the twentieth century." Inderdaad is dit die indruk wat 'n mens die langste by bly na hy hierdie oorsig van die resente geskiedenis gelees het.

Dit was die opset van die skrywer — hy is 'n lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Hull — om 'n uiteensetting te gee van die huidige wêreld en 'n verklaring te vind vir die omstandighede waarin ons vandag lewe Sy benadering is histories, maar dit is iets anders as 'n gewone chronologiese geskiedenis van die twintigste eeu. Sy behandelingswyse is tematies; telkens skets hy dan hierdie, dan daardie tendens, elkeen in sy historiese ontwikkeling.

Heel aan die begin maak hy die stelling dat die huidige wêreld die resultaat is van twee omwentelinge wat sedert die laat negentiende eeu in krag toegeneem het. Die een is die algemene tegniese omwenteling, wat eintlik maar net 'n versnelde voortsetting is van die sg. „Industriële Rewolusie". Die ander is 'n geestelike omwenteling, wat neerkom op 'n meer algemene aanvaarding van die begrip menseregte, waarvan die ontstaan teruggevoer kan word tot die agtiende eeu. Met ander woorde: daardie idee soos voortgebring deur die Franse en Amerikaanse rewolusies van die agtiende eeu gekoppel aan die twintigste eeuse tegniek — dit het die wêreld gemaak wat dit vandag is.

Om 'n idee te gee van die inhoud van die boek, noem ek die verskillende temas soos hulle in die onderskeie hoofstukke behandel word. Die eerste dra die naam van *Mass Society,* waarin die implikasies van die buitengewone bevolkingsaanwas ontleed word. Die volgende heet *Democracy;* hierin word bespreek die verandering wat hierdie begrip ondergaan het deur die inwerking van twee wêreldoorloë. *Totalitarism* heet die derde hoofstuk; Fascisme, Nasionaal-Sosialisme en Kommunisme kom weer onder die soeklig, veral lg. se plek in die huidige wêreld. Dan volg twee hoofstukke wat die diplomatieke verhoudings bespreek, nl. *Balance of Power,* voor en na 1945; voor hierdie jaar het die magsewewig nog 'n Europese konteks gehad, daarna word dit buite-Europees. Dan volg 'n hoofstuk oor *The Third World,* d.w.s. die onderontwikkelde lande, wat tans wel deeglik 'n rol in die wêreldgeskiedenis speel. Aansluitend hierby volg 'n hoofstuk oor *Racialism* wat veral aandag gee aan die toestand in Amerika en Suid-Afrika. Die skrywer het weinig simpatie met die Apartheidsbeweging, maar sy uiteensetting bly saaklik. Die slothoofstuk handel oor *Internationalism*; 'n ontleding van die Volkerebond en die Verenigde Nasies-organisasie, asook die meer beperkte pogings tot internasionale samewerking (hy noem dit *Regionalism*) soos verteenwoordig in die Europese Ekonomiese Gemeenskap, die Arabiese Liga, die Organisasie vir Afrikaeenheid en so meer.

Die behandelingswyse is besonder geslaag. Dit is 'n leesbare en selfs boeiende boek. Hoewel nie groot van omvang nie, is dit in 'n hoë mate volledig. Natuurlik sal nie almal met al die uitsprake wat daarin vervat is, saamstem nie. Dit bly egter 'n poging tot 'n sinvolle interpretasie van die wêreld van vandag en dit is die waarde daarvan.

F. J. du T. Spies.

Zeeveld, W. G.: *Foundations of Tudor Policy.* Pp. x, 291, 5 illustrations, index, biblio., Methuen University Paperback, London, 1969.

This book, a reprint of the work first published in 1948, has as its basic theme the continuity of the English humanistic tradition during the Early Tudor period. The author focusses attention on those scholars who played a role in bolstering Henry VIII's position and in implementing the declaration of royal supremacy after the breach with Rome. In a preface to the 1969 edition, Professor Zeeveld briefly acknowledges the contributions to Tudor Studies made by G. R. Elton, H. R. Trevor-Roper, A. G. Dickens, S. T. Bindoff, and others, since 1948.

Professor Zeeveld shows that contrary to some interpretations, Henry VIII and Thomas Cromwell did not impede scholarship after the death of Thomas More, although he does not deny that the execution of More and Fisher had an adverse effect on humanism in England. This patronage extended to scholars was not, however, prompted by a pure love of learning: the king and his chief minister utilized learning as an instrument of state to strengthen royal power. Promising young scholars who had been gathered together by Cardinal Wolsey at his college at Oxford and who subsequently came under Reginald Pole's influence at Padua, were given the opportunity to advance themselves in the service of the state, provided that they supported the king's position. They used their knowledge of the Classics, of Roman law, and of the writings of Machiavelli to produce works of propaganda in favour of the royal supremacy.

Professor Zeeveld concentrates particularly on two of these scholars, Thomas Starkey and Richard Morison, who have, to a large extent, been neglected by historians of the period. In attempting to establish their true place in the history of English political thought, he perhaps over-emphasizes their significance, for as Denys Hay pointed out when Zeeveld's book first appeared, they were, after all, small men. Nor can it be said that Professor Zeeveld succeeded in his intention of rescuing them from obscurity: J. J. Scarisbrick's recent comprehensive biography of Henry VIII has only two brief references to Starkey, while Morison is mentioned once in the text and once in a footnote (where his name is spelt incorrectly).

*Foundations of Tudor Policy* is, nevertheless, an interesting book, written in a lively, eminently readable style. Its importance lies primarily in the stress laid on the positive side of royal interest in scholarship, which is a valuable corrective to the view that the latter part of Henry's reign was a period characterized predominantly by censorship and repression. The reprinting of this book in paperback will be welcomed by all students of the Tudor period.

S. B. Spies.

Evans, D., Deeming, T. J., Evans, B. en Goldfarb, S.: *Herschel at the Cape, 1834-1838.* Pp. XXXVIII, 398, 20 ill. A. A. Balkema, Kaapstad, 1969. R8-00.

By die aanhoor van die naam Herschel is ons geneig om onmiddellik te dink aan F. W. Herschel (1738-1822), die ontdekker van die planeet Uranus in 1781. Dit was egter sy seun, John Frederick William Herschel (1792-1871) wat vir vier jaar, van 1834 tot 1838, aan die Kaap was. In hierdie boek vind ons die dagboek wat Herschel in daardie jare bygehou het. Dit is aangevul met verslae van reise in die Kaap, briewe aan sy tante, Caroline Herschel in Hannover, wat 'n astronoom van internasionale bekendheid was.

Uit alles blyk dat Herschel 'n geweldige algemene belangstelling gehad het. Behalwe observasie van die sterrehemel, wat vanselfsprekend noukeurig neergeskryf word, tref ons aantekeninge aan in verband met sy toenemende belangstelling vir die Kaapse flora, die geologie, skeikunde, wiskunde, gronderosie Hy meld nou-

keurig wat hy lees. Opvallend is sy groot belangstelling vir die voëlwêreld, en as die gemak waarmee hy orals voëls skiet, ons vandag nie aanstaan nie, moet daar in elk geval in gedagte gehou word dat dit in sy dae al manier was om voëls te bestudeer.

Herschel was natuurlik 'n man van aansien en ons verneem heelwat oor die sosiale lewe aan die Kaap. Hy ontmoet dr. Andrew Smith kort voordat hierdie geleerde op sy beroemde ekspedisie na die binneland sou vertrek en Herschel het hom gehelp met die opstel van metereologiese instruksies. Daar is besoeke van en aan die goewerneurs D'Urban en Napier, dr. Philip, en ook Charles Darwin wat op 15 Junie 1836 met die *Beagle* Kaapstad vlugtig aangedoen het.

Daaglikse moeilikheidjies het natuurlik nie uitgebly nie. Daar is die ergernis oor 'n dak wat lek, 'n hond wat byt. Huismure toon neigings om te bars, omdat hulle aan die buitekant net met skulp-kalk en sand gepleister is, en aan die binnekant met klipkalk en sand. Hy meld van 'n gebrek aan mededinging waardeur die lewe aan die Kaap so duur is, moeilikhede met posaflewering, bergbrande, ens. Uit alles blyk ook duidelik hoe die Kaap omstreeks 1835 'n middelpunt vorm tussen Indië, Sjina, Australië en Amerika (bl. 168).

Dis interessant om te verneem hoe hy Tafelberg uitklim of in die binneland van die Westelike Kaap rondreis, ervarings wat hy van uur tot uur neerskryf. Hierdie uiterste noukeurigheid, wat soms bietjie oordrewe voorkom, stel ons egter ook in staat om na te gaan wat hy alles vir sy daaglikse lewensbehoeftes en sy werk uit Engeland en Europa bestel. Hieruit blyk hoe afhanklik die Kaap eintlik van die oorsese produksielande in dié dae was.

Herschel maak ook melding van die aanplant van die Australiese Acacia; dit is die vroegste verwysing na hierdie plante aan die Kaap. Van dag tot dag gee hy verslag van die weer en vir die weerstatistikus behoort hier baie inligting te wees. Die verskyning van Halley se komeet op 28 Oktober 1835, was vanselfsprekend 'n sensasie waaroor Herschel met entoesiasme skryf.

Dis opvallend dat hy by al sy belangstelling en opmerkingsgawe slegs een keer na die Voortrekkers verwys en wel 'n mededeling op 16 Junie 1837 van 'n sekere Harris (Cornwallis Harris!) dat 4,000 Boere Silkaats verslaan het en hulle nou in sy gebied vestig. Sonder om tot haastige gevolgtrekkings te kom, sou hierin miskien 'n verdere bewys gevind kan word van hoe afgesonder die Trekkers van die Kaap eintlik gelewe het en hoe min daar aan die Kaap van hulle verneem is.

Tot 'n mate is dit moeilik om sir John Herschel se persoon uit die dagboek te leer ken. Nietemin kom sy hoë intellek, die droë humor en grappe en veral sy onversadigbare werklus duidelik aan die lig.

Die oorspronklike dagboek berus in die biblioteek van die Universiteit van Texas. Afbeeldings van die handskrif toon aan dat die publikasie van die dagboek asook van die bykomende briewe geen maklike taak was nie. Die boek is egter uitstekend geëditeer. Waar moontlik word deur 'n groot aantal voetnote verdere toeligting verskaf, waardeur dit 'n opmerklik grondige werk geword het. Die boek is in alle opsigte 'n welkome toevoeging tot die bronne van ons geskiedskrywing in die algemeen. Vir die betreffende periode is dit uiters belangrik, omdat daar, ten onregte, oor Herschel nog nie veel gepubliseer is nie.

F. G. E. Nilant.

Mathew, D.: *Lord Acton and his times*, Pp. 397. Eyre and Spottiswoode, London, 1968. R7-00.

Ons ken lord Acton hoofsaaklik as die historikus wat die wetenskaplike metode van geskiedskrywing in Engeland ingedra het. Daarom sal ons in die eerste plek

na hierdie boek gryp in die verwagting dat sy konfrontasie met die geskiedenis daarin behoorlik ontleed sal word. Hierin sal ons egter teleurgestel word. Die boek is 'n tipiese breedopgesette biografie soos meer in die Engelse biografiese literatuur voorkom en soos die sinsnede „and his times" suggereer; maar 'n indringende behandeling van lord Acton as historikus vind ons nie daarin nie.

Dit beteken egter nie dat dit nie 'n interessante boek is nie. Acton is allesins 'n biografie werd; 'n mens staan versteld oor sy veelsydigheid en die onbetwisbare gehalte van sy intellek. Origens gee die boek 'n goeie insig in die laat-Victoriaanse intellektuele lewe in Engeland.

Gebore in Italië en opgevoed in Duitsland, waar dr. Döllinger van München 'n blywende indruk op hom gemaak het, was Acton 'n enigsins sonderlinge figuur in die geestelike, politieke en intellektuele kringe van Engeland, waar hy ('n mens kry die indruk) nie altyd sonder meer aanvaar is nie. Voeg hierby 'n sterk karakter, 'n kritiese gees en 'n uitgesproke oordeel, en 'n mens kan begryp waarom sy loopbaan tog nie die belofte wat dit ingehou het, bereik het nie.

Veelsydig soos hy was, sien mens hom veral op drie terreine beweeg. Eerstens op die godsdienstige terrein. Hy was van huis uit Katoliek en het dit sy hele lewe lank gebly, hoewel hy krities teenoor Rome gestaan het. Aangesien die skrywer van die boek, aartsbiskop Mathew, self 'n Katolieke geestelike is, is dit begryplik dat hierdie sy van Acton heelwat aandag geniet. Tweedens het Acton 'n politieke rol gespeel. Hy was vir 'n tydlank lid van die parlement, eers van die Laer- en later van die Hoërhuis, en was 'n min of meer intieme vriend van Gladstone wie se liberalistiese politieke siening hy gedeel het. Derdens was hy geleerde en historikus. Lank voordat hy professor aan die Universiteit van Cambridge geword het, het sy uitsprake oor allerlei aangeleenthede ontsag afgedwing. Tog: „He belongs to a period that has now passed into history". Slegs op die gebied van die geskiedskrywing het hy vandag nog betekenis.

Van hom het een van sy tydgenote gesê: „He is . . . the most learned of Englishman now alive, but he never writes anything." Dit is een van die paradokse wat ons in sy lewe vind. Hoewel hy ontsettend baie geskryf het — sy uitgebreide korrespondensie aan talryke persone is die belangrikste bron vir hierdie biografie — het hy baie selde daartoe gekom om iets in druk te laat verskyn. Hy het o.a. 'n uitgebreide *History of Liberty* beplan en 'n massa materiaal daarvoor versamel, maar nooit so ver gekom om te *skryf* nie. Wat ons van hom het, is 'n aantal artikels wat hoofsaaklik in die *English Historical Review* (sy eie skepping) verskyn het en sy voorlesings wat later die lig gesien het. Origens is van belang sy beplanning van die *Cambridge Modern History* waarvan hy aanvanklik die algemene redakteur was en waarop hy sy stempel afgedruk het. Maar dis omtrent al.

Enkele uitsprake of aforismes van lord Acton is werd om vandag nog aangehaal te word; soos bv. „Power tends to corrupt and absolute power corrupts absolutely" en die profetiese: „The modern danger . . . state absolutism, not royal absolutism" Ten slotte nog hierdie een ten behoewe van die geskiedskrywer: „A man afraid of being bored is as unfit for an historian as a fisherman."

F. J. du T. Spies.

Wirt, Guy (red.): *Asia Handbook*. Pp. 735. Penguin Books.

Hierdie werk, onder redaksie van Guy Wirt, is saamgestel uit die bydraes van talle skrywers. Hulle is almal kenners van die uitgestrekte gebied wat tweevyfdes van die wêreldbevolking huisves. Soos die titel aandui, is gepoog om 'n handboek beskikbaar te stel wat die leser in staat stel om op 'n redelike maklike wyse meer kennis oor een van die talle lande wat behandel word, te bekom.

Die werk is in twee dele verdeel. In die eerste deel word Asië verdeel in streke, nl. Suid-Asië wat o.a. Indië, Nepal en Pakistan insluit; Sentraal-Asië wat o.a. die gebiede Tibet en Monogolië behandel; die Verre-Ooste wat o.a. Japan, Sjina (kommunisties), Taiwan, Noord- en Suid-Korea en Hong Kong insluit; en Suidoos-Asië wat o.a. Thailand, Maleisië, die Philippyne, Viëtnam en Laos omvat. Oor elk van die verskillende state word 'n kort oorsig aangebied ten opsigte van die geografiese omstandighede, die bevolking, geskiedenis, owerheidsinstellings, onderwys, maatskaplike toestande en politieke tendense. Daar word egter nie enige sistematiese logiese patroon gevolg nie, wat meebring dat enige inligting wat die leser spesifiek nodig het, nie maklik verkry kan word nie. Die benadering is algemeen en beskrywend van aard en nie genoegsaam gerugsteun deur statistiese gegewens nie. *Asia Handbook* is dus nie 'n maklike naslaanwerk nie. Dié deel het egter ook sy besondere verdienstelikheid en dit word verhoog deur talle kaarte wat daarin opgeneem is, sowel as bibliografieë wat elke skrywer ingesluit het vir verdere leeswerk.

Die tweede deel van die werk, wat die helfte van die boek beslaan, is sistematies ingedeel. In hierdie deel word o.a. aandag gegee aan godsdiens politieke aangeleenthede, minderhede, buitelandse aangeleenthede en ekonomiese sake. Alle state word egter nie behandel nie, bv. wat ekonomiese sake betref, word hoofsaaklik aandag gegee aan Sjina, Indië en Japan en dan verder aan die rol van Boeddhisme, olie en ekonomiese bystand in dié gebied. Die basiese tekortkoming in hierdie deel is dus ook onvolledigheid wat dit moeilik maak om enige vergelykende studiemateriaal te verkry.

Die werk kan bestempel word as 'n reeks opstelle deur verskeie skrywers sonder enige poging om 'n eenheid in aanbieding en benadering daar te stel. Nogtans bevat dit 'n magdom gegewens wat van besondere waarde vir die ernstige student is. Vir diegene wat in hierdie wêrelddeel belangstel, bevat dit genoegsame agtergrondmateriaal om verdere studie te beplan.

Die toenemende rol wat die opkomende Asiatiese state in die huidige wêreldpolitiek speel, maak dit noodsaaklik om hierdie, dikwels vergete state wat slegs sporadies die nuus haal, beter te leer ken en verstaan. Hierin slaag die onderskeie skrywers. Omdat die werk nie bloot op statistiese gegewens berus nie, maar eerder tendense en ontwikkeling aandui, het dit 'n meer blywende waarde as wat andersins die geval sou gewees het in hierdie vinnig-veranderende wêreld waarin ons vandag leef.

C. F. Nieuwoudt.

Hans Fransen: *Architectural Beauty of the Old Cape as seen by Arthur Elliott.* Pp. 343, 162 foto's. A. A. Balkema, Kaapstad, 1969. R12-50.

Arthur Elliott is in 1870 in New York gebore. Hy het baie rondgereis en teen die einde van die vorige eeu na Suid-Afrika gekom. Hy het begin met die maak van foto's van Boere-krygsgevangenes, maar spoedig egter het die ou Kaapse huise sy belangstelling gewek. Dit hoort tot sy grootste verdienste dat hy 'n oog gehad het vir die skoonheid van hierdie gewels in 'n tyd toe die merendeel van die mense heeltemal onverskillig hierteenoor gestaan het. In 1910 hou hy sy eerste uitstalling en baie van hierdie foto's word gebruik as een van die propagandamiddels om die begrip Unie van Suid-Afrika te versprei. Die eerste uitstalling word deur meerderes gevolg, aanvanklik nog met min nadruk op die boukuns. Sy laaste uitstalling, wat in 1938 plaasgevind het, het amper net uit foto's van Kaapse huise en gewels bestaan. Op 20 November van daardie jaar is Elliott oorlede.

Die nou beroemde Elliott-versameling bestaan uit omtrent 10,000 foto-negatiewe. Die grootste deel hiervan is van skilderye en tekeninge. Vir 'n kwart-eeu was dit die omvangrykste versameling reproduksies van ou Kaapse skilder- en grafiese kuns in die land, totdat dit in 1966 deur Kennedy se vyfdelige katalogus van die versameling van die Africana-museum in Johannesburg oortref is. Ander foto's van Elliott is reproduksies van ou Kaapse dokumente. Hierdie deel van die versameling is vandag van minder waarde omdat meeste van die belangrikste dokumente reeds gepubliseer is. Verder is daar afbeeldings van portrette, volgens gravures of vroeëre foto's, die lewe van Bantoes en Maleiers, die Tweede Vryheidsoorlog, skepe, porselein, glas, meubels en stadsgesigte. Helaas het Elliott hom nooit die moeite getroos om onderskrifte aan die foto's toe te voeg nie, sodat party van hulle, veral wat betref die meubels, porselein en glas, nie bepaal kan word nie. Met behulp van vooraanstaande deskundiges soos Theal, Cory, Graham Botha, mej. Jeffreys, Morrison, De Klerk en Kendall, kon party nog vasgestel word. Party sal moontlik vir altyd 'n vraagstuk bly.

Die belangrikste deel van die versameling bestaan uit 2,000 foto's van die Kaapse boukuns. Hulle is veral belangrik omdat baie van hierdie geboue vandag nie meer bestaan nie. Die foto's is die enigste getuie van hoe die geboue gelyk het en ons vind hulle oor en oor in boeke oor die ou Kaaps-Hollandse styl afgedruk. Die foto's het egter nie net dokumentêre waarde nie. Ook vanuit esteties-fotografiese benadering beskou, vertoon hulle 'n baie hoë peil. Elliott het gevoel gehad vir die dromerige sfeer van die Kaapse plase en dorpe en hy het geweet hoe om dit op plaat vas te lê. Hierby het hy 'n handige gebruik gemaak van sonlig en party mense staan op so 'n plek dat die liginval die beste tot sy reg kan kom. Hy weet om die juiste ewewig te behou tussen skilderagtige bouvalligheid en onbewuste welstand van die historiese geboue.

Inderdaad kan Fransen opmerk dat Elliott Suid-Afrika 'n monument geskenk het oor die ou boukuns wat bestendiger is as daardie argitektuur self! Te veel hiervan het heeltemal onnodig verdwyn. Mens kon tog minstens verwag het dat vanaf die begin van hierdie eeu 'n sterker houding teenoor sulke oorbodige afbrekery ingeneem sou word. Maar selfs nadat 'n duideliker besef van die waarde van hierdie boukuns tot die breër publiek deurgedring het, is daar tog nog te veel verniel. Brand het hierby 'n rol gespeel wat nie onderskat moet word nie.

Van die oorspronklike Kaapse huise wat in 1850 bestaan het, is vandag nog slegs een-tiende oor. 'n Groot gevaar dreig as gevolg van onvakkundige restourasie, waardeur sulke geboue, soms self teen groot onkoste, dusdanig verander word dat hulle hul tipiese karakteristiek heeltemal verloor. Inderdaad word deur privaat verenigings en maatskappye baie gedoen om soveel as moontlik te bewaar, maar die skrywer is van mening dat dit nie langer net aan privaat instellings oorgelaat behoort te word nie. Die bewaar vir die nageslag van die skamele aantal historiese huise wat oorgebly het, behoort onder regeringstoesig geplaas te word. Wetgewing is dringend noodsaaklik om die verdere aftakeling van die nog beskikbare voorbeelde van hierdie argitektuur te voorkom. So is die Ou Waghuis in Kaapstad die enigste gebou van 'n ry huise aan die ou Groenmarkplein. Wat verdwyn het, was sekerlik nie minder indrukwekkend nie as die een gebou wat nog oorgebly het. In party Kaapse dorpe verdwyn soms 'n hele straat ou huise tegelykertyd.

Die keuse wat Fransen uit die Elliott foto's gemaak het, het besonder gelukkig uitgeval. Die 162 foto's in hierdie boek is sodanig gekies en gereproduseer dat die boek 'n fris indruk maak en daar geen ouderwetse sfeer veroorsaak is nie. Die boek is die tweede deel van 'n nuwe serie oor Suid-Afrikaanse kuns; die eerste deel was Gordon Brown se studie van die grafiese werk van d'Oyly aan die

Kaap. Hierdie uitgawe met groot afmeting-afdrukke van 'n aantal van die beste foto's uit die Elliott-versameling van geboue wat vandag nie meer bestaan nie, moet as 'n besonder waardevolle toevoeging beskou word tot die klein aantal publikasies wat oor die tradisionele Kaapse boukuns verskyn het.

F. G. E. Nilant.

Mitchison, Rosalind: *A History of Scotland.* Methuen & Co. Ltd., London.

Hierdie boek het my onwillekeurig laat dink aan wyle Toon van den Heever se gedig „Wis Uit". In hoofsaak is dit nie mev. Mitchison wat die „doodsgebeente" aan die lig bring nie. Dit is gedoen deur diegene wat die basiese navorsing gedoen het waarop sy haar werk gebaseer het. Mens voel duidelik, en dikwels, die gebrek aan die „rose-naakte lieflikheid". Die boek laat 'n mens wonder waarheen die wetenskaplike geskiedenis uiteindelik heen gaan lei, en of dit hoegenaamd enige nuttige doel kan dien?

Dat hierdie boek aan die hoogste vereistes van wetenskaplike geskiedskrywing voldoen, ly hoegenaamd geen twyfel nie. Die gebruik van die moderne idioom is 'n bietjie steurend, en pas nie heeltemal so goed by 'n wetenskaplike relaas nie waar dit absoluut noodsaaklik is dat 'n presiese, en nie dubbelsinnige, betekenis daargestel moet word.

Dit moet ook duidelik begryp word dat die boek in die eerste plek bedoel is vir die persoon met 'n deeglike kennis van die geskiedenis van Skotland. Die tabel van gebeurtenisse en lys van konings help baie om die soms blitsige kommentaar in sy behoorlike tydvak te plaas, maar die kommentaar is geneig om die basiese verhaal soms heeltemal op die agtergrond te skuif.

Die skrywer lê een swakheid aan die dag — sy is geneig om 'n tendens in Skotse geskiedenis te probeer ophelder deur gebruikmaking van analogieë. So vergelyk sy die „Test Act" van 1681 met Suid-Afrika se apartheidsbeleid, en wel omdat beide, volgens haar siening, enige voorneme van 'n verandering onwettig maak. Indien sy apartheid selfs oppervlakkig bestudeer het, sou sy nie die fout begaan het nie, want vir dié van ons wat nog die 1930's kan onthou, is die kernfeit van apartheid juis die geweldige veranderinge wat dit aan aanvaarde begrippe teweeg gebring het.

Die boek bevat 'n hoofstuk oor die gepubliseerde bronne vir diegene wat verder wil delf in die verlede van Skotland, drie goeie kaarte en 'n betroubare indeks.

J. F. Preller.

Chadwick, J.: *International Organizations.* Pp. X, 103, Methuen Educational Ltd., London, 1969. R1-25.

Die onderhawige werk is een van vyf aflewerings in 'n reeks publikasies van die *British Society for International Understanding* oor twintigste eeuse wêreldgeskiedenis.

Die boek bevat twaalf hoofstukke, 'n kort waardeskatting en 'n bronnelys. In die eerste twee hoofstukke word die ontstaan, doel, sukses en mislukkings van die Volkebond bespreek. Hoofstukke drie tot ses handel oor die institusionele raamwerk en funksionering van die Verenigde Nasies; en hoofstukke sewe en agt onderskeidelik oor kollektiewe veiligheid in Europa, nl. die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie en die Warschauverdrag; en oor politieke, ekonomiese, wetenskaplike en kulturele samewerking in Europa, nl. die Organisasie vir Europese Ekonomiese

Ontwikkeling, die Raad van Europa, die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap, die Europese Ekonomiese Gemeenskap en die Europese Vryhandelsgebied. Hoofstuk nege handel oor inter-Amerikaanse samewerking, nl. die Organisasie van Amerikaanse State, die Internasionale Gesamentlike Kommissie en die pogings om 'n Karaïbiese Vryhandelsgebied tot stand te bring; en hoofstuk tien oor inter-Afrika-samewerking, nl. die Casablanca-groep, die Monrovia-groep, die Afro-Malgasy-Unie en die Organisasie vir Afrika-eenheid. Ten slotte word regionale samewerking in Asië en Australasië, nl. die Colomboplan, die Suidoos-Asiatiese Verdragsorganisasie, die Sentrale Verdragsorganisasie en die ANZUS-verdrag in hoofstuk elf behandel; en die Britse Statebond in hoofstuk twaalf. Aan die einde van elke hoofstuk volg 'n kort samevatting.

Die skrywer volg deurgaans grotendeels 'n histories-beskrywende benadering. Die groot aantal organisasies wat in hierdie kort boekie bespreek word, lei natuurlik daartoe dat slegs oppervlakkig aan meeste aspekte geraak word. Die skrywer poog deurgaans om redelik objektief te wees en nie uitermate sterk standpunte in te neem nie. Tog spreek hy hom skerp ten gunste van Kommunistiese Sjina se toelating tot die Verenigde Nasies uit (p. 42); veroordeel in geen onsekere terme Suid-Afrika se rassebeleid (p. 42); en heg miskien oordrewe waarde aan die Britse Statebond (p. 91).

Hierdie werk is moontlik geskik vir skoliere wat Burgerkunde neem of vir eerstejaar-studente. (Die skryfstyl impliseer ook dat dit die doel van die boek is.) Die gebrek aan voetnotas dra verder daartoe by dat hierdie werk nie van veel akademiese waarde, veral vir universiteite, is nie. Nieteenstaande bied dit tog 'n nuttige, alhoewel beknopte, oorsig oor die belangrikste internasionale instellings.

M. Hough.

Rosenthal, Eric: *South Africa's Oil search down the Years.* Pp. 196, 14 ill. H. Timmins, Kaapstad, 1970. R3-00.

Olie geniet die belangstelling van elke Suid-Afrikaner en uit hierdie boek blyk dit dat dit reeds vir 'n eeu lank die geval is. Aanvanklik was die soektog na olie in Suid-Afrika, 'n saak van gerugte en goedgelowigheid. Dit was aangepak deur amateurs en optimiste wat maatskappye opgerig het met 'n naam wat soms self uit 'n romantiese storieboek opgediep is. Aanduidings van olie het op teer berus wat op plekke aangetref is, op vure wat vir daelank gebrand het, en op olievliese op die water van 'n dam of stroompie. Alles is toegelig met uitvoerige persoonlike menings van ondersoekers en ingenieurs en veral die reuk van petroleum. van Vetpan in die N.W.-Vrystaat na Ceres, en daarvandaan na baie ander streke. Daar word geboor, eers 'n paar honderd voet, later baie dieper. En hoewel herhaaldelik groot entoesiasme geheers het, moes wetenskaplike ondersoek telkens weer teleurstel.

Die Tweede Vryheidsoorlog het die ondersoek tydelik onderbreek. Daarna is dit met geesdrif voortgesit in die Karoo, die Vrystaat en Natal. Ook in Mosambiek is pogings aangewend, maar ondanks klinkende name van maatskappye word die gestelde doel nie bereik nie. Die Eerste Wêreldoorlog het die noodsaaklikheid van plaaslike olieproduksie reeds dugtig laat voel; in die Tweede Wêreldoorlog, toe daar baie meer motors was, het dit uitgesproke dringend geword.

Dis opvallend dat die plekke wat ondersoek is, dikwels baie ooreenkoms vertoon met olievindplekke in Amerika. Al vroeg in hierdie eeu is die vinding van 'n ryk oliebron, baie belangriker as 'n nuwe goudmyn of diamantveld beskou. Al die ywerige soektogte het nie heeltemal sonder gevolg gebly nie. By Zwartkop

is wel geen olie gevind nie, maar daar is 'n warm minerale bron aangetref wat voldoende was om 'n sanatorium op te rig. Dit bestaan vandag nog.

Daar is baie gebruik gemaak van deskundige ondersoek en dis opmerklik hoe min handelswendel op hierdie gebied voorgekom het. Naderhand het geblyk dat, hoe lofwaardig dit ook mag wees, daar deur louter persoonlike ondernemingsgees niks bereik sou word nie. Te veel geld is uit privaatsakke gebruik en ten slotte het die regering ingegryp. In 1913 is mnr. Cunningham Craig, 'n Skotse deskundige, wat oor baie ervaring beskik het, uitgenooi om in Suid-Afrika 'n uitgebreide ondersoek in te stel. Craig het die meeste plekke in die land, waar daar vermoed is moontlik olie aanwesig is, persoonlik ondersoek. Sy uiteindelike verslag was baie pessimisties en dit het 'n aantal maatskappye weerhou om voort te gaan.

In 1929 het die Unieregering 'n buro vir brandstofnavorsing in Pretoria ingestel. In 1965 word Soekor opgerig. Omstandighede was nou gunstiger. Daar kan met behulp van die nuutste masjiene dieper geboor word as wat ooit tevore moontlik geag is. Deur middel van lugopnames en kunsmatige aardbewings, kan 'n grondiger voorafgaande ondersoek gedoen word, en deur 'n stelsel van kontrakverdeling aan privaat maatskappye, kan beter deskundige werk verwag word.

Die skrywer haal uitvoerig aan uit verslae van aandeelhouers en koerantberigte. Hy gaan nie in op die politieke en ekonomiese gevolge wat die vind van olie in Suid-Afrika vir die land self en vir die wêreld in sy geheel, sal beteken nie. Hy wys egter tereg daarop dat die soektog na olie 'n saak van geduld en uithoudingsvermoë is. Selfs in Amerika word van 'n gemiddelde van 160 boorgate slegs een met sukses bekroon. Nogtans gee die vondse naby Plettenbergbaai, grond vir meer optimistiese verwagtings.

F. G. E. Nilant.

Levin, N. G.: *Woodrow Wilson and World Politics: America's Response to War and Revolution*. Pp. xii, 340, Oxford University Press, New York, 1968. R1-65.

Die doel van die onderhawige werk is om 'n geïntegreerde ontleding van die teorie en praktyk van Woodrow Wilson, president van die V.S.A., se buitelandse beleid gedurende die tydperk 1917 tot 1919 aan te bied.

Die boek bevat 'n inleiding, sewe hoofstukke, 'n waardeskatting, 'n lys van voetnotas en 'n bibliografie. Hoofstukke een tot drie handel oor oorlog en rewolusie, nl. die konflik tussen die denke van Wilson en dié van Lenin; Wilson se beleid en die opkoms van Bolsjewisme; en die Wilson-administrasie en die staatkundige ontwikkeling in Rusland. Hoofstukke vier tot sewe handel oor vrede en rewolusie, nl. die Wilson-administrasie en die vraagstuk van Duitse herstel gedurende die Paryse Vredeskonferensie; die Wilson-administrasie en die Volkebond; Wilson se beleid t.o.v. Oos-Europa en Rusland tydens die Paryse Vredeskonferensie; en Wilson se soektoeg na 'n na-oorlogse liberale orde in Siberië en die onderontwikkelde gebiede van die wêreld.

Die skrywer konsentreer op die gebeure en ideologiese tendense wat, volgens hom, noodsaaklik is vir 'n begrip van Wilson se beleid van liberaal-kapitalistiese internasionalisme. Voorts wys hy ook op die verskille wat binne die Wilson-administrasie oor spesifieke beleidsaspekte bestaan het.

Aangesien Wilson se beleidsrigtings en idees 'n definitiewe invloed op die V.S.A. se huidige beleid uitgeoefen het, is hierdie boek nie net van historiese belang nie, maar 'n noodsaaklikheid vir 'n volledige begrip van die V.S.A. se vroeëre en huidige buitelandse beleid. Dit is duidelik dat die skrywer deeglike navorsing oor dié aangeleentheid gedoen het. Die boek het dan ook in 1968 die Bancroft Prys wat

deur Columbia Universiteit toegeken is vir die beste werk oor Amerikaanse geskiedenis, Amerikaanse diplomasie en die buitelandse verhoudinge van die V.S.A., verower.

Hierdie boek kan veral aanbeveel word vir nagraadse studente in die Geskiedenis en in die Internasionale Politiek.

M. Hough.

Arnott, Bruce: *Lippy Lipshitz, a Biography and Catalogue raisonné*. Pp. VIII, 248, 260 ill. (2 in kleur). A. A. Balkema, Kaapstad, 1969. R12-50.

Ons is gewoonlik erkentlik vir 'n boek oor Suid-Afrikaanse kuns; ons is egter dankbaar vir 'n boek soos Arnott se studie oor Lippy Lipshitz. Hierdie beeldhouer wat op baie jong leeftyd uit Litaue na Suid-Afrika gekom het, het hier skoolgegaan. Aanvanklik was hy van plan om skrywer te word, maar uiteindelik is besluit dat hy die Kaapse Kunsskool sal besoek. By hierdie skool was nog 'n behoudende sfeer, maar Lipshitz het baie steun ontvang van Harvey en Kottler. Veral die laaste het hom gewys op die moderne kuns en opvattings wat elders in die wêreld oor kuns geheers het.

Lipshitz het in 1928 vir vier jaar na Frankryk gegaan, waar hy by Antoine Bourdelle in Parys gestudeer het. In die begin was hy nog baie onder die invloed van Suid-Afrika en voer hy werke uit soos *Groot Trek* en *Kaapse Klopse*. Maar al spoedig het hy onder die invloed gekom van die Parysse Skool, terwyl hy baie besoeke aan die pragtige kunsmuseums in Parys gebring het. Ongemerk word daar 'n grondslag gelê vir die later ontwikkeling van sy styl. Hy het ook deelgeneem aan uitstallings. Volgens kritici het sy werk invloed getoon van die argeïese: daar was 'n rowwe krag, maar dit was sonder slap versierings of onnodige virtuositeit. 'n Hele prestasie vir so 'n jong kunstenaar!

Terug in Kaapstad het sy uitstalling van dié werk wat hy in Parys geskep het, vanselfsprekend baie opsien en teenstand verwek. Die publiek het nog hoofsaaklik in sentimentele 19de eeuse realistiese werk belanggestel en kon Lipshitz se werk nie waardeer nie. Lipshitz het natuurlik by die „Nuwe Groep" (1938) aangesluit en sy deel bygedra tot toenemende erkenning van meer moderne kunsopvattings in Suid-Afrika.

Na die Tweede Wêreldoorlog het hy na Engeland gegaan om op hoogte te kom van wat gedurende die voorafgaande vyf jaar aangegaan het. Sy eie werk was natuurlik nie in ooreenstemming met die heersende opvattings in Londen nie. Nogtans was die algemene mening eerder geneig om hom tot die kleiner meesters van die Franse Skool te reken, as dat hy sommer as 'n koloniale kunstenaar afgeskryf is. Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om die groot beeldhouers Moore en Epstein te ontmoet.

Lipshitz aanvaar na terugkeer in Kaapstad 'n pos aan die Michaelis Kunsskool in Kaapstad, wat hy behou tot sy aftreeleeftyd. Gedurende hierdie jare het hy 'n groot bydrae gelewer tot die opleiding van beeldhouers in Suid-Afrika.

Sy eie werk was in sy jong jare sterk biografies en was nog vas aan die agtergrond van sy jeug. Die dieper agtergrond van die Ou en Nuwe Testament en die Griekse literatuur speel hierby 'n aansienlike rol. Uit die verskillende invloede wat hy in Parys ondergaan het, neem hy eintlik net wat hom pas: Brancusi se neo-Platonisme, die humanisme van die skool van Rodin, die persoonlike ekspressionisme van Chagall en die animisme van die primitiewe kuns. Hy het in baie soorte materiaal gewerk: modelleer in sagte materiaal en kap in harde hout- en klipsoorte. Sy modelleerwerk omvat baie realistiese werk, portrette, waarvan hy party

later in harde materiaal uitgekap het. Sy sny- en kapwerk omvat portrette, genre en meer algemene onderwerpe. Hy het groot belangstelling getoon vir die menslike natuur en samelewing, die maatskaplike en godsdienstige funksie. Sy reliefs, o.a. *Groot Trek,* is meer pikturaal met baie lig en skaduweewerking.

Arnott, wat een van Lipshitz se leerlinge was, laat sy uitvoerige inleiding tot die kunstenaar se lewe en opvattings volg deur 'n uitvoerige katalogus van 416 werke. Vanselfsprekend is dit nie volledig nie, maar die belangrikste werke is daarin genoem. Verder is daar 'n lys van titels van die werke, die eienaars en 'n bibliografie. Daar is 'n uitvoerige indeks. Die illustrasies, waarvan twee in kleur, gee op hulself reeds 'n oorsig van Lipshitz se werk.

Hierdie boek is 'n baie welkome toevoeging tot die beskeie hoeveelheid literatuur wat daar oor moderne Suid-Afrikaanse beeldhouers beskikbaar is. Laat ons hoop dat dit 'n aanmoediging sal word vir verder studies op hierdie gebied.

F. G. E. Nilant.